

Ontmoeting 3:

FAMILIE VAN JESUS

Matt 1:1-17 en Luk 2:26-56

Jesus het mens geword in 'n familie wat oor duisende jare baie mense ingesluit het en deur geloof het ons ook deel van Jesus se familie geword.

Hulpmiddels

'n Sagte pop

4 pyle en kruis om teen 'n muur of bord op te plak
Musiekblad: Sit papier uit wat lyk soos notebalk vir kinders wat dalk 'n lied wil skryf vir God. Potlode en uitveërs word uitgesit.

Papier en kleurpotlode

Sandboks met 2 vroue- en engelfigure

Klei



WELKOM

Liedere: Vader Abraham (*aksieliedjie*)
God is groot, Hy lewe

Naam speletjie: (In die ontmoeting gaan die kinders hoor dat Maria spesiaal 'n lied vir God gesing het. "Sing" kan in die speletjie enige geluide insluit.)

Voorbeeld - Die eerste kind begin deur te sê: "My naam is Pierre en ek sing so: Doo, doo, doo." Die volgende kind sê: "Sy naam is Pierre en hy sing: Doo, doo, doo. Ek is Sunet en ek sing so: Tweet." Die volgende kind sê: "Sy naam is Pierre en hy sing: Doo, doo, doo. Haar naam is Sunet en sy sing: Tweet. My naam is: ... en ...", ens.



WYDING

Stilte oomblik

Temalled

Die sagte pop word vir 'n kind gegee. Daardie kind kan iets vertel oor sy dag. Vra hom dan: "Ek wonder waar was die Here toe dit met jou gebeur het." Nadat die kind dan antwoord, kan jy reageer met die woorde: "Die Here is by jou". Herhaal soos die tyd jou toelaat.


Gebed



WOORD

Luk 1:26: God het die engel Gabriël na Nasaret gestuur. Dit is 'n dorp in Galilea. Hy moes met 'n jongmeisie gaan praat wat daar gebly het. Haar naam was Maria. Sy was verloof aan Josef, 'n man uit Koning Dawid se familie.

Kan julle op die tydlyn sien waar is Koning Dawid se naam? Sien julle nog bekende name?



Daar was altesaam veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by die Babiloniese ballingskap en veertien van die ballingskap tot by Jesus se geboorte. En God het deur al die jare (duisende jare) sy belofte gehou. (Matt 1: 1-17)

Die engel was nou op pad na Maria toe met 'n belangrike boodskap. Toe Gabriël by Maria kom, sê hy: "Goeiedag, ek het goeie nuus vir jou: Die Here is by jou!"

Maria het groot geskrik. "Wat is aan die gang?" het sy gewonder. Die engel sê vir haar: "Moenie bang wees nie, God is goed vir jou. Jy sal binnekort 'n seun hê. Jy moet hom Jesus noem. Hy sal baie belangrik wees. Hy sal die Seun van die Allerhoogste God genoem word. Hy sal vir altyd Koning wees." Maria vra toe vir Gabriël: "Hoe kan so iets gebeur? Ek is nog nie getroud nie." Toe sê Gabriël: "Die Heilige Gees sal sorg dat jy 'n Kindjie kry. Die Kind van jou sal die Seun van God genoem word."

Die engel het vir Maria nog iets vertel, wat sy nie geweet het nie. Dit was dat haar tannie Elisabet, wat al baie oud was, 'n seuntjie verwag het. Toe sê Maria: 'My lewe is in die Here se hand. Dit was Hy wil hê, moet met my gebeur.' Hierna het Gabriël weggegaan.

Maria was baie bly oor die nuus wat sy gekry het en het by Elisabet gaan kuier daar in 'n dorp in die berge.

Ons het verlede keer gehoor van Elisabet en haar spesiale baba. Wie kan onthou wat sy naam is?

Toe Elisabet vir Maria sien, is sy met die Heilige Gees vervul en sy het hard uitgeroep: "Maria, jy is die gelukkigste vrou op aarde."

Maria was so bly dat sy spesiaal 'n lied vir God gesing het, 'n lied wat sy self gemaak het. En sy het nog drie maande by Elisabet gekuier.

Laat die kinders dink oor die verhaal:

Ek wonder van watter deel van die verhaal het jy die meeste gehou.

Ek wonder watter deel van die verhaal dink jy is die belangrikste.

Ek wonder wie is jy in die verhaal.


Musiekblad: Kopieer die papier wat met musiek versier is (op bl. 12) en sit dit reg vir kinders wat dalk 'n lied wil skryf vir God. Sit ook potlode en uitveërs reg.

Papier en kleurpotlode

Sandbak met 2 vroue- en engelfigure

Klei

Nuwe generasie stamboom: Kinders kan dan hulle name in laaste pyl kom skryf, om te simboliseer dat ons nou deur Jesus se verlossingswerk deel geword het van Jesus se familie.



Opruim en Seëngroet

